GRAAD 11 PROEFVRAESTEL

AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL: VRAESTEL II

NASIENRIGLYNE

Tyd: 3 uur 100 punte

AFDELING A Douspoor – R Daniels & G Julies (Samestellers)

VRAAG 1 Aapstreke – Patrick W Davids

1.1 Ek het soos 'n slaaf gewerk - lang ure; toesprake geskryf; media gekalmeer.
Ek moes die prostituut namens hom stil hou.
Ek moes sy vrou namens hom gelukkig hou.
Ek was die slagoffer van sy beloftes en was sy minnares – moes 'n aborsie kry ter wille van hom.
Hy het sy posisie, vertroue, mense en fondse misbruik.
Daar was ongerymdhede in sy departement.
Hy het mense om die bos gelei met retoriek.

1.2 Hy het sy vrou verneuk met my, my selfs gedwing om 'n aborsie te hê, anders sou mevrou minister dalk van die skelmpie uitvind.
Hy het 'n eskapade met 'n prostituut gehad.
Ek moes altyd sy vrou bedrieg met halwe waarhede oor die minister se doen en late.
Dit was duidelik dat sy vrou nie die verskonings en leuens geglo het nie.
Hy het nooit haar verjaardag of hul herdenking onthou nie – ek moes namens hom blomme en geskenke koop.
Sy was deur die jare 'n gras- en politieke weduwee.
Hy het haar soos een van sy projekte behandel.

1.3 Gebruik argumente by 1.2 as motivering, asook die dag met die besoek aan die dieretuin toe dit mevrou minister se idee was om die geleentheid by te woon wanneer die gorilla se kleintjie weggeneem word.

(Sien bladsy 2 vir nasienrubriek)

IEB Copyright © 2007

Rubriek:

Inhoud / beskrywing van karakter	**8-10**	**5-7**	**3-4**	**1-2**
	Inhoud is volledig. Beskrywing van karakter is logies en feitelik.	Inhoud is min of meer volledig en logies, maar beskrywing toon enkele gebreke.	Inhoud is onvolledig en nie altyd logies nie. Belangrike inligting weggelaat. Beskrywing soms vaag.	Inhoud en beskrywing is vaag en onlogies. Verstaan nie die opdrag nie.
Interpretasie / Standpunt inneem t.o.v. karakter	**8-10**	**5-7**	**3-4**	**1-2**
	Uitstekende insig in die karakter. Ondubbelsinnige opinie goed gemotiveer.	Mate van insig in die karakter. Poging aangewend om opinie te motiveer.	Weinig insig in die karakter. Opinie is ongemotiveerd.	Geen insig in karakter nie. Geen standpunt ingeneem nie.
Taal, spelling & Woordeskat	**4-5**	**3**	**2**	**1**
	Uitstekende taalstrukture, spelling foutloos en skitterende woordeskat.	Foute in taalstrukture kom voor. Sporadiese spelfoute. Woordeskat is goed.	Volop foute in taalstrukture. Volop spelfoute. Gebrekkige woordeskat.	Kan nie sinne in Afrikaans vorm nie. Spelling beroerd. Wemel van Engelse woordeskat.
Vorm, struktuur & lengte	**4-5**	**3**	**2**	**1**
	Dialoog is logies en samehangend in eerste persoon. Korrekte lengte.	Die vorm is korrek, maar samehang en logika ontbreek soms. Lengte korrek.	Logika en samehang is moeilik om te bepaal. 1ste persoon soms afwesig. Lengte nie korrek nie.	Onsamehangend. Lengte nie korrek nie. Vorm onherkenbaar.

(30 ÷ 3 = 10)

IEB Copyright © 2007

VRAAG 2 Agter die lig – Nini Nöthling

Inhoud:

- Akteurs is James Dean en McGyver
- James Dean: Aantreklik; al die meisies se droomou; altyd met 'n sigaret (Pieter rook ook)
- McGyver: aantreklik; droomou vir duisende meisies, soos Pieter. Altyd gereed met 'n plan van aksie, soos Pieter met die plan om die lapa op te blaas; McGyver was ook briljant met wetenskap en chemie; gebruik dit om bomme en ander planne te maak.
- Ironie: Pieter is die aantreklikste matriekseun en meisies vind hom begeerlik (net soos James Dean). Wanneer hy egter vir Marietjie vertel wat mnr. Smit aan hom wou doen, verloor hy sy macho-beeld as hy soos 'n baba begin huil. Sy ma noem hom "Pietertjie".
- McGyver se planne was altyd suksesvol, Pieter s'n het lelik skeef geloop en veroorsaak dat Marietjie hom finaal verloor het.

Rubriek:

Inhoud / beskrywing van karakter	**8-10**	**5-7**	**3-4**	**1-2**
	Inhoud is volledig. Beskrywing en vergelyking van karakter is logies en feitelik.	Inhoud is min of meer volledig en logies, maar beskrywing en vergelyking toon enkele gebreke.	Inhoud is onvolledig en nie altyd logies nie. Belangrike inligting ontbreek. Beskrywing en vergelyking soms vaag.	Inhoud, beskrywing en vergelyking is vaag en onlogies. Verstaan nie die opdrag nie.
Interpretasie / Standpunt inneem t.o.v. karakter	**8-10**	**5-7**	**3-4**	**1-2**
	Uitstekende insig in die karakter en ironie. Ondubbelsinnige opinie goed gemotiveer.	Mate van insig in die karakter en ironie. Poging aangewend om opinie te motiveer.	Weinig insig in die karakter en ironie. Opinie is ongemotiveerd.	Geen insig in karakter en ironie nie. Geen standpunt ingeneem nie.
Taal, spelling & Woordeskat	**4-5**	**3**	**2**	**1**
	Uitstekende taalstrukture, spelling foutloos en skitterende woordeskat.	Foute in taalstrukture kom voor. Sporadiese spelfoute. Woordeskat is goed.	Volop foute in taalstrukture. Volop spelfoute. Gebrekkige woordeskat.	Kan nie sinne in Afrikaans vorm nie. Spelling beroerd. Wemel van Engelse woordeskat.
Vorm, struktuur & lengte	**4-5**	**3**	**2**	**1**
	Paragraaf is logies en samehangend. Korrekte lengte.	Die vorm is korrek, maar samehang en logika ontbreek soms. Lengte korrek.	Logika en samehang is moeilik om te bepaal. Lengte nie korrek nie.	Onsamehangend. Lengte nie korrek nie.

(30 ÷ 3 = 10)

IEB Copyright © 2007

VRAAG 3 In grys se duisend kleure – Manie Groenewald

Inhoud:

- Hy het Caria oortuig om naak vir hom te poseer – deur prentjies vir haar te wys./Haar gebrek tot sy voordeel gebruik./Die dag toe haar pa hulle betrap het, het dit gelyk of hy haar wou molesteer.
- Hulle dink hy lieg oor die blou voëls in die moeras/lieg oor die likkewaan/lieg oor Caria wat kan praat. Hy lieg wel vir sy ma dat hy skool toe gaan, moeras toe/hy steek die naakfoto's onder sy bed weg.
- Sy onderwysers meen hy sal nie matriek slaag nie, as gevolg van sy aanhoudende afwesigheid/Kwassies is die enigste wat vir hom opkom/uiteindelik geskors.
- Hy is senuweeagtig in die hof/sy hande ruk en bewe/sy gedrag is histeries/hy weier om vir versagting te pleit.

(Slegs 'n aanduiding van moontlike inhoudelike feite)

Rubriek:

Inhoud/ beskrywing van karakter	**8-10**	**5-7**	**3-4**	**1-2**
	Inhoud is volledig. Beskrywing van karakter is logies en feitelik.	Inhoud is min of meer volledig en logies, maar beskrywing toon enkele gebreke.	Inhoud is onvolledig en nie altyd logies nie. Belangrike inligting weggelaat. Beskrywing soms vaag.	Inhoud en beskrywing is vaag en onlogies. Verstaan nie die opdrag nie.
Interpretasie/ Standpunt inneem t.o.v. karakter	**8-10**	**5-7**	**3-4**	**1-2**
	Uitstekende insig in die karakter. Ondubbelsinnige opinie goed gemotiveer.	Mate van insig in die karakter. Poging aangewend om opinie te motiveer.	Weinig insig in die karakter. Opinie is ongemotiveerd.	Geen insig in karakter nie. Geen standpunt ingeneem nie.
Taal, spelling & Woordeskat	**4-5**	**3**	**2**	**1**
	Uitstekende taalstrukture, spelling foutloos en skitterende woordeskat.	Foute in taalstrukture kom voor. Sporadiese spelfoute. Woordeskat is goed.	Volop foute in taalstrukture. Volop spelfoute. Gebrekkige woordeskat.	Kan nie sinne in Afrikaans vorm nie. Spelling beroerd. Wemel van Engelse woordeskat.
Vorm, struktuur & lengte	**4-5**	**3**	**2**	**1**
	Opstel is logies en samehangend. Korrekte lengte.	Die vorm is korrek, maar samehang en logika ontbreek soms. Lengte korrek.	Logika en samehang is moeilik om te bepaal. Lengte nie korrek nie.	Onsamehangend. Lengte nie korrek nie.

(20)

40 punte

IEB Copyright © 2007

AFDELING B Skryf

VRAAG 4

Lengte van brief: 150 – 200 woorde

	7	6	5	4	3	2	1
	8-10	7	6	5	4	3	1-2
Inhoud	Uitstekende formulering en ontwikkeling. Riglyne in ag geneem.	Goeie interpretasie. Logies. Riglyne in ag geneem.	Bevredigende interpretasie. Riglyne in ag geneem.	Interpretasie min of meer bevredigend. Riglyne min of meer nagekom.	Bevredigende ontwikkeling, maar logika ontbreek soms. Riglyne min of meer nagekom.	Beperkte insig. Logika ontbreek soms. Riglyne net gedeeltelik nagekom.	Geen logika. Verstaan nie die opdrag nie.
Styl en Toon	Alle stylvereistes volledig nagekom. Toon pas perfek by die opdrag.	Stylvereistes is nagekon. Toon is gepas, maar nie oorspronklik nie.	Bevredigende poging om stylvereistes na te kom en toon te handhaaf.	Bevredigende poging om stylvereistes na te kom, maar die toon is nie altyd korrek nie.	Stylvereistes is net hier en daar nagekom. Toon ontbreek.	Stylvereistes is net soms korrek, geen herkenbare toon.	Verstaan nie die styl en toon van die opdrag nie.
Vormvereistes	Vormvereistes nagekom. Lengte korrek. Oorspronklike toepassing van vorm.	Vormvereistes nagekom. Lengte korrek. Nie noodwendig oorspronklik nie.	Vormvereistes nagekom. Lengte korrek, maar volg bloot die voorbeeld.	Vorm is plek-plek nie korrek nie. Lengte min of meer korrek.	Vormvereistes in 'n mate nagekom. Lengte min of meer in orde.	Vorm is meestal nie korrek nie. Lengte te lank of te kort.	Ignoreer vormvereis-tes.
Taal en Woordeskat	Oorspronklike woordeskat en taalbeheer. Verskeiden-heid sinne.	Uitstekende woordeskat en taalbeheer. Prakties korrek.	Funksionele gebruik van woordeskat en taal. Minimale foute kom voor.	Toepaslike woordeskat. Taalgebruik alledaags. Meer foute kom voor.	Redelike gebruik van woordeskat en taal. Foute beïnvloed soms die betekenis.	Beperkte woordeskat. Basiese sinstrukture word net soms reg gebruik.	Woordeskat ontbreek. Taalfoute beïnvloed betekenis. Onverstaan-baar.
Spelling en Leestekens	Geen spel- of leesteken-foute.	Feitlik geen spelfoute nie. Uitstekende gebruik van leestekens.	Min spelfoute. Goeie gebruik van leestekens.	Redelike spelling. Leestekens meestal korrek.	Heelwat spel- en leesteken-foute.	Spel en leesteken-foute begin betekenis affekteer.	Spelling en leestekens het ernstige effek op betekenis en verstaanbaar-heid.

Inhoud : 10 x 2 = 20
Styl & Toon : 10
Taal : 30 ÷ 3 = 10

40 – verwerk na punt uit 30 (30)

IEB Copyright © 2007

VRAAG 5

Rubriek: Kopkaart

	4	3	2	1
	8-10	5-7	3-4	1-2
Inhoud	Volledig en oorspronklik	Volledig	Min of meer volledig	Onvolledig
Taalgebruik	Foutloos	Min foute	Baie foute	Onverstaanbaar / Oorwegend Engels
Aanbieding	Netjies, prakties en oorspronklik	Netjies en prakties	Plek-plek onnet	Slordig
Toepaslikheid (bv. advertensie)	Voldoen uitstekend aan vereistes	Min of meer toepaslik	Net-net toepaslik	Geen toepaslikheid
Vormvereistes	Voldoen uitstekend aan al die vereistes	Voldoen aan vereistes	Vorm plek-plek foutief	Geen herkenbare vorm

(20 ÷ 2 = 10)

IEB Copyright © 2007

VRAAG 6

Lengte van e-pos: 120 – 150 woorde

	7	6	5	4	3	2	1
	8-10	7	6	5	4	3	1-2
Inhoud	Uitstekende formulering en ontwikkeling. Riglyne in ag geneem.	Goeie interpretasie. Logies. Riglyne in ag geneem.	Bevredigende interpretasie. Riglyne in ag geneem.	Interpretasie min of meer bevredigend. Riglyne min of meer nagekom.	Bevredigende ontwikkeling, maar logika ontbreek soms. Riglyne min of meer nagekom.	Beperkte insig. Logika ontbreek soms. Riglyne net gedeeltelik nagekom.	Geen logika. Verstaan nie die opdrag nie.
Styl en Toon	Alle stylvereistes volledig nagekom. Toon pas perfek by die opdrag.	Stylvereistes is nagekom. Toon is gepas, maar nie oorspronklik nie.	Bevredigende poging om stylvereistes na te kom en toon te handhaaf.	Bevredigende poging om stylvereistes na te kom, maar die toon is nie altyd korrek nie.	Stylvereistes is net hier en daar nagekom. Toon ontbreek.	Stylvereistes is net soms korrek, geen herkenbare toon.	Verstaan nie die styl en toon van die opdrag nie.
Vormvereistes	Vormvereistes nagekom. Lengte korrek. Oorspronklike toepassing van vorm.	Vormvereistes nagekom. Lengte korrek. Nie noodwendig oorspronklik nie.	Vormvereistes nagekom. Lengte korrek, maar volg bloot die voorbeeld.	Vorm is plek-plek nie korrek nie. Lengte min of meer korrek.	Vormvereistes in 'n mate nagekom. Lengte min of meer in orde.	Vorm is meestal nie korrek nie. Lengte te lank of te kort.	Ignoreer vormvereistes.
Taal en Woordeskat	Oorspronklike woordeskat en taalbeheer. Verskeidenheid sinne.	Uitstekende woordeskat en taalbeheer. Prakties korrek.	Funksionele gebruik van woordeskat en taal. Minimale foute kom voor.	Toepaslike woordeskat. Taalgebruik alledaags. Meer foute kom voor.	Redelike gebruik van woordeskat en taal. Foute beïnvloed soms die betekenis.	Beperkte woordeskat. Basiese sinstrukture word net soms reg gebruik.	Woordeskat ontbreek. Taalfoute beïnvloed betekenis. Onverstaanbaar.
Spelling en Leestekens	Geen spel- of leestekenfoute.	Feitlik geen spelfoute nie. Uitstekende gebruik van leestekens.	Min spelfoute. Goeie gebruik van leestekens.	Redelike spelling. Leestekens meestal korrek.	Heelwat spel- en leestekenfoute.	Spel- en leestekenfoute begin betekenis beïnvloed.	Spelling en leestekens het ernstige effek op betekenis en verstaanbaar-heid.

Inhoud : 10 x 2 = 20
Styl & Toon : 10
Taal : 30 ÷ 3 = 10

20 + 10 + 10 ÷ 2 = 20 (20)

60 punte

Totaal: 100 punte

IEB Copyright © 2007